

Nie My mense nie

Theo Potgieter

Oktober 2011

My Eiendom

Ex 19: 5

As julle dan nou terdêë na my stem luister en my verbond hou, sal julle **my eiendom** uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.

Ps 135: 4

Want die HERE het Jakob vir Hom uitverkies, Israel as **sy eiendom**.

Eiendom

Mal 3: 17

En hulle sal My tot 'n **eiendom wees**, sê die HERE van die leërskaare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien.

Geld

1 Tim 6: 10

Want die **geldgierigheid** is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

Geld

Hand 20: 35

Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: **Dit is saliger om te gee as om te ontvang.**

Hantering van Ander

Mat 5: 42-44

Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. 43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: **Julle moet jul vyande liefhê**; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

Verhoudings

Mal 2: 15-17

15 Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. 16 **Want Ek haat egskeiding**, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskaar. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.

Verhoudings

Mal 2: 15-17

17 Julle vermoei die HERE met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdadig julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behaer; of waar is anders die God van die reg?

Verhoudings

Rom 12: 15

wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween;

Eph 5: 19

Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,

Hantering van teleurstelling

John 20: 23

As julle die mense hulle sondes **vergewe**, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.

Lewens standaard

Phil 4: 7

En die **vrede van God**, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Lewe uit dankbaarheid

Eph 2: 8

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: **dit is die gawe van God**;

Nie alleen

Heb 13: 5

Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou **nooit begewe en jou nooit verlaat nie**.

Mat 28: 20

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Nie alleen

Rom 8: 34-39

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. 35 Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? 36 Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

Nie alleen

Rom 8: 34-39

37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. 38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of overhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge 39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel **ons sal kan skei van die liefde van God** wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.